## BOEKBESPREKING

*Hattingh, A. J. S.*: Kunswaardering, pp. 394, met groot aantal afbeeldings, sommige in kleur. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1964.

Die bedoeling van hierdie boek is om as 'n handleiding vir die onderrig in kunsgeskiedenis en waardering in skole te dien. Dit sou dus onjuis wees om dit as 'n kunshistoriese handleiding te beskou. Gevolglik hoef ons nie alte veel beswaar te maak teen 'n aantal onnoukeurighede nie, veral by sommige besonderhede, en teen party oorlewerings wat hier as vasstaande aangeneem word, maar waaroor die deskundiges nog nie altyd saamstem nie. Party van sulke feitjies kan moontlik by 'n volgende druk (en ons hoop dat dit sal kom), reggemaak word. Ander kan nie vermy word nie, omdat 'n skoolboek nou eenmaal die feite kort en duidelik moet stel; vir diepsinnige beskouings is hier geen plek nie en hulle sou heeltemal misplaas wees.

Ons moet dus uitsluitend die vraag stel of hierdie boek beantwoord aan sy doel, naamlik om 'n sekere hoeveelheid kunsgeskiedenis aan die skooljeug te onderrig, in ooreenstemming met die verwagtings van die Departement van Onderwys. Hierdie vraag kan volmondig bevestigend beantwoord word. Allereers het elke hoofstuk 'n baie kort historiese en sosiale oorsig van die tydperk wat behandel word, soms selfs met 'n landkaartjie. Daarna volg dan 'n besprekking van algemene kenmerke, die lewe van die kunstenaars en hulle belangrikste werke. Dit alles word netjies en oorsigtelik opgesom om die leerwerk te vergemaklik. Veel word toegelig deur 'n duidelike sketsie, waaruit met 'n enkele oogopslag blyk wat bedoel word. Ongemerk absorbeer die leerlinge die eerste grondbegrippe van styl, komposisie, ritme en kleur.

Mev. Hattingh beskik oor jarelange ervaring in kunsonderwys: dit is duidelik uit die boek merkbaar. Sy vertel die storie in 'n vir die skooljeug verstaanbare en duidelike taal, sonder onnodige tegniese uitdrukkings, maar wel weer voldoende om die allernoodsaaklikste definisies by te bring. Ek durf nou reeds te voorspel dat hierdie boek onder die skoolboeke in ons land, 'n klassieke boek gaan word. Dit voorsien in 'n hiaat, wat lang bestaan het en dit kan gevolglik nie anders as met die grootste entoesiasme, maar ook dankbaarheid, begroet word nie.

Daar kan verbetering aangebring word aan die afbeeldings en veral aan die gekleurde illustrasies. In die literatuurlys behoort aan 'n boek in Afrikaans, wanneer dit beskikbaar is, voorkeur gegee te word bo dieselfde boek in ander tale.

F. G. E. Nilant.

*Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1964, deel II:*

(a) *Van Schoor, dr. M. C. E.*: Die nasionale en politieke Bewuswording van die Afrikaner in Migrasie en sy Ontluiking in Transgariep tot 1854, pp. 1-158.

(b) *Fourie, P. C.*: Die Administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859, pp. 159-246.

(a) Die eerste studie is die doktorale dissertasie van dr. Van Schoor. Hy vermeld dat hy besig is met werk oor „Politieke Oriëntering in die Oranje-Vrystaat: die ontluiking van die Afrikaner se politieke en nasionale Bewussyn in die Oranje-Vrystaat" en dat bogenoemde dissertasie eintlik as die „inleiding" daarvoor bedoel was, maar omdat dit so omvangryk geword het, het dit tot selfstandige onderwerp uitgegroei en dit word nou in die *Argiefjaarboek* aangebied.

Om by die Transgariepgedeelte van sy werk uit te kom, het die skrywer die ontwikkeling van die twee bevolkingsgroepe wat hulle daar gevestig het, nagegaan, nl. Voortrekkers en Trekboere. In 75 bladsye skets die skrywer die wording van die Voortrekker-, Republikeinse- of Maatschappygroep asook dié van die Trekboere, maar

laasgenoemde slegs in 'n paar bladsye. Daarna volg hulle konfrontering met mekaar, met die Britse owerheid en die Nie blankes. Sy tese is onder andere dat die Trekboer of Lojalis in die Transgariep vir die eerste keer op die Basoeto- en Griekwagrense met toestande te doen gekry het soortgelyk as dié waarmee die Afrikaner op die Oosgrens vóór die Trek geworstel het en dat veral dié ervaring hulle geleidelik in „Voortrekkers" of „Republikeine" verander het — 'n stelling wat prof. C. F. J. Muller e.a. ook al gemaak, maar nie so breedvoerig uitgewerk het nie.

Die probleem van die Afrikaner se nasionale bewuswording bestaan in die vraag hoe dit gekom het dat mense van verskillende herkoms soos Hollanders, Duitsers en Franse hulle bande met die moederlande losgemaak en hier tot 'n nuwe groep met eie besef van volk- en nasieskap geword en ontwikkel het. Dit is voorwaar nie 'n maklike tema nie. Dr. Van Schoor wys op die probleme daaraan verbonde waar hy op p. 50 skryf dat hy (en dr. C. Beyers) hulle „in 'n moeilike posisie (bevind) waar dit aan bronne ontbreek om hulle beskouinge te staaf, maar historici wat hierdie bronne van hulle opeis, moet dit in gedagte hou dat nasionalisme, nasionale bewussyn, volksbewussyn, volksgevoel en dergelike geestelike verskynsels in abstraksie gehul is en uiteraard nie geredelik in bronne beskryf of omskryf word nie. Waar dit nog enigsins uit bronne af te lei is, ontbreek dit die tydperk vóór en tydens die Groot Trek juis aan genoegsame historiese bronne om selfs ten opsigte van die mees konkrete gebeurtenisse altoos korrekte afleidinge oor die aan- of afwesigheid van 'n nasionale bewussyn te maak". Die vraag is of dit ook nie aan sulke bronne ontbreek rondom die onafhanklikheidswording van die Soewereiniteit in 1854 want die skrywer bevind op p. 146-7 dat, in teëstelling met die Trektyd, daar nie 'n „sterk ontluikende volksgevoel" was nie en „weinig tekens van 'n volksgevoel onder diegene wat die teuels van Sir George Clerk oorgeneem het". Sy titel van die „ontluiking" van 'n „nasionale bewuswording" in die Transgariep eindig daardeur eintlik in 'n anti-klimaks. Wat met „sterk ontluikende volksgevoel" hier en elders bedoel word word nie altyd duidelik uit die teks nie (vgl. bv. „vae en ongeformuleerde volksbesef", p. 110), „ontluikende volksgevoel" (110, 131, 136), „ontluikende Afrikanervolksbesef" (50), „onderbewuste volksgevoel" (49), „bewuste volksgevoel" (74), „wordende volksgevoel" (136), „groeiende volksbewussyn" (136), „voortekens van 'n volksbesef" (147). Dit lyk of die skrywer die term „nasionale bewuswording" in sy tema vermy en in plaas daarvan vàn „volksgevoel" praat.

Tog stem ek in hoofsaak saam met die bevindings van die skrywer: Hy bevind bv. met reg dat die Groot Trek „die eerste groot manifestasie van 'n ontluikende volksgevoel van die Afrikaner was" (p. 83), dat die Emigrante in die streek tussen die Oranje en die Vaalriviere gouer en in 'n groter mate tot selfbewussyn gebring is (p. 92) en dat „selfs binne die gemelde republieke sou hierdie samehorigheidsgevoel by die Vrystaters eers feitlik ná afloop van die Basoeto-oorloë en by die Transvalers met die anneksasie van Transvaal in 1877 tot so 'n omvang ontwikkel dat hulle volksbesef hulle sou dwing om hul indiwiduele en partikuliere belange as vanselfsprekend aan die eise van hul vryheidsideale en nasionale onafhanklikheid op te offer" (p. 52). Hiermee is egter nie nuwe dinge gesê nie.

'n Mens waardeer die skrywer se uiteensetting van standpunt met ander skrywers: tog kan dit breër uitgebou word, want as daar een tema is waaroor die historici onderling verskil, dan is dit seker die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaner se nasionale besef. In sy benadering van die Groot Trek stel dr. Van Schoor hom op dr. C. Beyers se standpunt teenoor die van prof. C. F. J. Muller (p. 49-50). 'n Mens sou graag 'n uiteensetting wou sien met sekere Engelstalige historici wat hulle oor hierdie probleem uitgelaat het. Oor die algemeen het dr. Van Schoor sy tema versigtig hanteer nie teenstaande sy baie byvoeglike naamwoorde [soos „historiese verlede" (p. 87) en „innerlike geestesverset" (p. 110)].

Die skrywer se interpretasie van of uiteensetting met ander skrywers se werk is nit altyd korrek, geregverdig of krities genoeg nie. Na aanleiding van sy M.A.-dissertasie waarin hy syns insiens self 'n te skerpe skeiding tussen die lojaal- en republikeinsgesindes aangebring het, beweer hy dat skrywer hiervan in sy *Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners* die twee groepe radikaal in twee regionale streke geskei (p. 106) en derhalwe streng afgebakende grense getrek het wat die Vetrivier tot „skeidingslyn" verabsoluteer (p. 108 noot 100 en p. 145). Keer op keer is in my werk aangetoon dat „die skeidingslyne nie as absoluut gesien moet word nie".[1] Die skrywer het dit waarskynlik misgekyk.

Dr. Van Schoor meen ook dat hyself vroeër nie daarop gewys het dat daar 'n „oorgangs"- of „tussengroep" (p. 106) tussen lojaalgesindes wat suidwaarts, en die Republikeinsgesindes wat noordwaarts georiënteer was, bestaan het nie en dat my *Eenheidstrewe* nie hierdie „sterk onafhanklikheidsgroep" (p. 145) wat die Vrystaat tot sentrum verkies het, vermeld nie. Ek meen dat die groep nie te vroeg ontstaan het nie; altans nie voor 1854/55 nie; my werk maak egter keer op keer van so 'n groep melding. Dit het die skrywer waarskynlik ook ontgaan.[2] Myns insiens het dr. Van Schoor self nie daarin geslaag om oortuigend aan te toon dat daar vóór 1854 'n „oorgangs"- of „tussengroep" tussen die uiterste groepe van lojaal- en republikeinsgesindes ontwikkel het nie: sy bewys is beredenering dat daar so 'n groep *moes* bestaan het want dokumente ter stawing van sy bewering haal hy nie aan nie (vgl. p. 106-7).

'n Paar tegniese punte: op p. 30 ontbreek 'n reël in die teks en voetnote 113 (p. 94) en 58 (p. 22) het uitgeval. Op p. 97 word *Voortrekker-argiefstukke*, R.74/41 soos volg aangehaal: „Soo gy een vryje volk wilde blyven zoude ik UE. stellig raden van den tegenwoordige *heersers* hier of elders geen te neemen". In R.74/41 staan egter „Leraars" en nie „heersers" nie.

Ten slotte: hoe moeilik dit is om dokumente te interpreteer waaruit bewyse vir die ontstaan, bestaan of ontluiking van 'n volksbewussyn of nasionale gevoel gehaal moet word, word deur die volgende twee voorbeelde geïllustreer: Op p. 18 van sy

1. Vgl. bv. p. 29: „ . . . sewe regionale politieke groepe, die skeidingslyne waarvan ons nie as absoluut moet sien nie, nl. Transoranje, Winburg," ens. Op p. 137 voetnoot 137 word weer gestel dat „dit nie as absoluut geneem (moet) word nie" en ook op p. 27 voetnoot 44. Op p. 93 staan: „Die deurgangsland (Transgariep) was regionaal naastenby só saamgestel dat die meeste republikeine noord van die Vet (1,500) en die meeste lojales suid daarvan gewoon het. Met die veertigtal lojaliste van Winburg en die republikeinse minderheid in Transoranje (dit wil sê suid van die Vetrivier) kon daar wel planne beraam word". Dit geld die tyd rondom 1848. Dr. Van Schoor verwys na p. 25 van Eenheidstrewe om sy bewering te staaf. Daar staan egter: „Die ‚Emigrante-natie' vestig hulle (na die Trek) tussen die Vet en die Vaal. Vandaar af vind die verdere verspreiding plaas . . . oor die Vetrivier suidwaarts . . . sodat daar 'n ontmoetingsveld of menggebied in die deurgangsland ontstaan het." Sy verwysing na p. 37 (voetnoot 90, p. 106) het nie op sy bewering betrekking nie. Bylaag E waarna die skrywer verwys om sy bewering te staaf is 'n *sketskaart*, dus 'n *voorstelling* en geen werklike kaart met absolute grenslyne nie. Ek gee egter toe dat bevolkingsamestelling mettertyd meer gekompliseer geraak het. Ek het nêrens beweer dat Vetrivier 'n skeidslyn is wat die lojaalgesindes van die republikeinsgesindes *afgeskei* het nie, maar trouens juis keer op keer op die gemengde karakter van die deurgangsland gewys. As 'n mens na „Winburg" of „Transoranje" verwys, bedien jy jou van 'n *begrip* met die wete dat daarmee te kenne gegee word dat die Republikeins-Voortrekker-element in eg. in die *meerderheid* was en andersom vir Transoranje met sy meerderheid lojaalgesindes.
2. Op p. 150 van *Eenheidstrewe* staan: Venter (J. J.) het 'n maand later 'n frontsverandering van fel verenigingsgesindheid na 'n midde-weg-politiek gemaak. Van nou af word hy leier van 'n rigting wat tussen die twee uiterstes van vereniging as her-anneksasie sou staan. Hy wou nl. die staat „op zichselven laten blijven" maar dan in *verbond* met die „susterstaat". Hierdie rigting het ek ook „afsonderlikheid" (p. 154) of „midde-groep" (p. 176) genoem. Vgl. ook p. 212 en 240-41.

verhandeling skryf dr. Van Schoor dat die Vryburgers in 1658 „met trots" kon verklaar dat „wij de beschermers van ons landt zijn", waaruit afgelei word dat onder die woorde „ons landt" die Kolonie bedoel word. Uit die antwoord 'n entjie verder in die Van Riebeeckdagverhaal (deel II, p. 441) blyk dit egter duidelik dat die Vryburgers met „ons landt" bedoel het hulle „coren landen" wat iets anders is as „als dat sij haer eygen beschermmers sijn". Talle skrywers het myns insiens hieruit meer afgelei as wat letterlik bedoel was. Op p. 49 en 62 verwys dr. Van Schoor na A. H. Potgieter se veel aangehaalde woorde dat hulle „vreye burgers" is en dat hulle kan gaan waar hulle verkies sonder om iemand te benadeel „daar alle Naatsies vrey seyn en gaat ook waar sy wel". In byna alle gevalle het interpreteerders van dié woorde onder „Naatsies" 'n abstrakte begrip verstaan en dus meer daarin gesien as wat die teks toelaat, want nog in dieselfde paragraaf word gestel dat die Trekkers met die Goewerneur „en ook met alle naatsies" in vrede wil lewe „soos als blyk" en dan word die „naatsies" in art. 4, wat direk daarop volg, vermeld, waaruit blyk dat met „naatsies" Nie-blankes bedoel word (in plaas van die abstrakte vryheid van alle nasies). Die Voortrekkers het nl. die Bybelse term Naatsies gebruik om Nie-blanke volke aan te dui. (Vgl. bv. die dissertasie van dr. Van Schoor p. 67 voetnoot 104: „alle Naturellen of Natsies"). Potgieter se redenering was duidelik, nl. dat as die *Nie-blankes* as *vry* erken word waarom dan ook nie die blankes nie? Wat in Potgieter se teks (Voortrekkerargiefstukke p. 29-30) van belang is, is die woorde „vrye burgers" waaruit 'n afleiding in verband met selfbewussyn gemaak kan word.

Dr. Van Schoor het wyd gelees en sy weg gevind in die menigte geskrifte oor die tema van die nasionale bewuswording van die Afrikaner. Hy het die bestaande standpunte gestel, hom daarmee vereenselwig of daarvan verskil en sy eie visie op die probleem gegee. Sy taak was des te moeiliker omdat reeds bewandelde paaie herverken moes word. Hy het egter insiggewende gedagteflitse gegee. Wat miskien besonder verhelderend kon werk, sou 'n vergelyking gewees het tussen die ontstaan van 'n Amerikaanse volksbesef en die van die Afrikaner, want die kolonisasie van beide lande strek hom feitlik oor dieselfde tydperk uit. Wat het bv. die Afrikaner se nasionale bewuswording vertraag of bevorder in vergelyking met die Amerikaanse? Dit sou ook interessant gewees het om te verwys het na die vryheidsbewegings in Europa, waarna Andries Pretorius so dikwels in 1848 en later verwys het — 'n feit wat wel deur dr. Van Schoor onderstreep is. As ek lank oor hierdie boek uitgewei het dan is dit omdat die tema my na aan die hart lê en te meer nog omdat ek self bewus is van die talle probleme waarmee 'n mens met 'n moeilike tema soos hierdie te doen kry. Ek wil die hoop uitspreek dat dr. Van Schoor hierdie tema soos sy aangekondigde plan is, verder sal voer.

(b) Fourie, P. C.: *Die Administrasie van die Oranje-Vrystaat tot* 1859.

Hierdie studie is die M.Admin.-dissertasie van die skrywer. Dit is 'n interessante aanvulling by die werk van dr. Van Schoor. Hy wys daarop dat daar oor die ontstaan en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse administratiewe reëlings en stelsels nog weinig navorsing gedoen is. Hy wys op *Die Konstitusie en die Staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat* 1854-1902 van dr. G. D. Scholtz en gee 'n ontledende en verklarende beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van die administrasie van die Republiek tot aan die einde van die bewind van president Boshof. Omdat dit 'n voortsetting van die administratiewe reëlings van die Soewereiniteitsfase was, word dié ook kortliks behandel. Die skrywer het diep in die argief van die Oranje-Vrystaat gedelf en hom goed gekwyt van sy taak. Hy behandel die administratiewe reëlings en praktyke van die sentrale owerheid en laat munisipale bestuursreëlings buite rekening. Onder andere word die Volksraad, Uitvoerende Raad, die President en die Goewermentsekretaris in die eerste

hoofstuk behandel, daarna volg organisatoriese reëlings soos justisie, die toekenning en registrasie van grond, administrasie van boedels, poswese, onderwys, en openbare werke. Ook word aandag aan die landdroste, veldkornette en vrederegters gegee. Daarop volg personeelaangeleenthede soos werwing en aanstelling, bevordering, diensvoorwaardes, opleiding en verplasing. 'n Afsonderlike hoofstuk word aan die finansiële administrasie gewy en die tesourier-generaal, die ouditeur-generaal, die begroting en voorrade en uitrusting hieronder behandel. Die skrywer gee sy gevolgtrekkings na elke hoofstuk. Dit is 'n insiggewende stuk werk. Dit val op hoe ver die Vrystaat die Transvaal in daardie jare voor was. Miskien omdat die Vrystaat 'n goeie administrasie van die Britte geërf het, terwyl die Transvalers aan hulleself oorgelaat was om alles uit die grond uit en sonder hulpmiddele op te bou.

F. A. van Jaarsveld.

•

*Lilienthal, David E.*: The Journals of David E. Lilienthal; Vol. I: The TVA Years 1939-1945 (Introduction by Henry Steele Commager. XXXI, 734 p., $10.00); Vol. II: The Atomic Energy Years 1945-1950 (X, 666 p., $10.00); New York, Evanston and London: Harper & Row, 1964.

In these two volumes of his personal journals a prominent American tells the world of his connection with and his role in two most important public institutions.

Lilienthal was born in Morton, Illinois, on 8th July, 1899. He started his first journal on 17th May, 1917, when he was a freshman at DePauw University at Greencastle, Indiana. The first published volume contains the first entry as well as a small number of later entries (in all 16 pages) relating to the author's career as a law student and subsequently as a lawyer in private practice up to 1931.

Lilienthal's career in die public service started when he was appointed a member of the Wisconsin Railroad Commission by the Governor of Wisconsin in 1931. In 1933 he was appointed by President Roosevelt as a member of the board of directors of the world-famous Tennessee Valley Authority which was established as part of the President's *New Deal* policy. In September 1941 Lilienthal was appointed Chairman of the aforementioned board of directors. He remained Chairman of TVA until his resignation in November 1946 to become Chairman of the Atomic Energy Commission.

The depression which dominated the world scene from 1929 for a number of years, will in time to come probably still more be regarded as a turning-point in history, especially for the United States of America. The depression brought an end to *laissey-faire*; it opened the door for active government intervention and participation in the economic and social fields. From now on history was shaped more and more by the activities of governmental institutions and by individuals serving in policy-making posts.

As a comparatively young man Lilienthal entered public service at the beginning of the new era. He entered the public service on the policy-making level with his appointment on the Wisconsin Railroad Commission and was thus immediately placed in a position to exercise a determining influence on public affairs. However, his appointment soon afterwards on the board of directors of the TVA afforded him much greater opportunities to play a formative part in the development of his country. With his appointment as Chairman of the Atomic Energy Commission he could take the lead in one of the most exciting public ventures of our time.

It is true that the official documents of the institutions in which Lilienthal served will tell the story of his contributions to American public life. However these documents will tell only of the formal aspects of the activities in which he was actively involved and it is an established fact that in public affairs the unrecorded informal happenings attendant on all matters of consequence are quite often much more revealing than those

told of in the official files. To obtain a true perspective of public affairs it is necessary, therefore, to take account of the formal as well as of the informal aspects of the activities of institutions and functionaries. Approached from his angle the personal journals of Lilienthal are indeed documents of the greatest importance for historians and also for students of public administration and government. The journals are also of particular interest to South Africans because they deal with two matters which are of vital consequence to the Republic of South Africa, *viz.* river basin development and atomic energy.

J. J. N. Cloete.

*Mees, Mr. W. C.*: Philips Willem van Oranje, 126 bl., met afb., Nijgh en Van Ditmar, s' Gravenhage-Rotterdams, s.j.

Die jongste werk van die skrywer, wat reeds bekendheid verwerf het as biograaf van die gade van Kommandeur Jan van Riebeeck en as 'n herwaardeerder in die Nederlandse geskiedskrywing oor Alva, het nou sy aandag gewy aan die oudste seun van Prins Willem I van Oranje, Filips Willem.

Filips Willem, wat oorspronklik as oudste seun voorbestem was om in die voetspore van sy vader te volg, het vir ons in Suid-Afrika feitlik 'n onbekende gebly omdat hy, met betrekking tot die geskiedenis van die Nederlandse Republiek, feitlik uitgeskakel en as gevolg van omstandighede deur sy jonger broers Maurits en Frederik Hendrik oorskadu is. As seun van Willem van Oranje en sy eerste vrou Anna van Buren is prins Filips Willem in 1554 gebore. Vier jaar later het sy moeder hom ontval en het hy onder voogdy van sy vader en sy oom Lodewyk van Nassau opgegroei. Op die vooraand van die Tagtigjare Oorlog, toe Prins Willem reeds uit die Nederlande na die Dillenburg uitgewyk het, is Filips Willem, wat in Leuven studeer het, op aanrading van Granvelle na Spanje oorgebring om daar as 'n getroue onderdaan van die Spaanse koning en 'n gehoorsame Katoliek verder opgevoed te word en, nadat die opstand in die Nederlande onderdruk sou wees, sy vader as stadhouer op te volg. Proteste in verband met die ontvoering het niks gebaat nie. Tot 1581 het die prins 'n taamlike mate van vryheid geniet om daarna, vermoedelik as gevolg van die ban wat oor sy vader uitgespreek is, tot 1595 as 'n gevangene behandel te word.

Mees behandel vervolgens die terugkeer van prins Filips Willem na Suid-Nederland, die weiering van die Republiek om hom toe te laat in die noorde, die versoening tussen die prins en sy jonger broer Maurits en sy huwelik met Eleonora van Bourbon (1606), die moeilikhede in die prinsdom Oranje en die prins se besoek aan Den Haag in 1608 waar die hangende vraagstukke in verband met die erfenis van sy vader eindelik opgelos is en die prins o.m. die prinsdom Oranje (Frankryk), die baronie van Breda,, Diest en besittings in Luxemburg ontvang het (bl. 108) en daardeur 'n man van invloed kon geword het. In Den Haag is hy met wantroue bejeën. Hy het sy dienste aangebied maar dit is van die hand gewys en hy is van alle invloed in die noorde uitgesluit ofskoon dit wil voorkom dat Oldenbarnevelt probeer het om vir hom 'n hoë pos in die Republiek te kry (bl. 111). Die rol wat Filips Willem kon gespeel het is deur sy jonger broers Maurits en Frederik Hendrik oorgeneem. In 1618 is hy in Brussel oorlede om in Diest ter ruste gelê te word.

Die skrywer stem nie met J. L. Motley se ongunstige oordeel oor Filips Willem saam nie. Ook kan Mees hom nie verenig met wyle dr. Japikse se veroordeling van Johan Brouwer se biografie nie. Ons insiens het Mees daarin geslaag om 'n aanneemlike beeld van Filips Willem van Oranje te skets, 'n beeld wat soms deur die vermelding van 'n aantal kleiner besonderhede aan duidelikheid inboet, maar andersyds as 'n welkome aanwins in die Nederlandse geskiedskrywing verwelkom kan word.

J. Ploeger.